(c) 'n Begunstigde wat na goedkeuring van sy of haar aansoek om bystand enige finansiële hulp, bystand of toegewings van 'n staatsorgaan, insluitend die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente of van 'n instelling beoog in die "Skills Development Act", of van sy of haar werkgewer ontvang het, moet skriftelik daardie feit aan die administrateur, openbaar.

(d) Enige bedrag ontvang soos in paragraaf (c) verwys, moet bereken en afgetrek word van die bedrag wat nog aan die begunstigde betaal moet word of waarvoor die begunstigde ingevolge hierdie Regulasies vir die volgende jaar kwalifiseer.

(5) Die aansoekvorm moet onderteken word deur die persoon wat dit invul, en, indien die vorm nie deur 'n slagoffer of 'n familielid of

afhanklike van die slagoffer ingevul is nie, moet dit ook deur die slagoffer of 'n familielid of afhanklike van die slagoffer medeonderteken word.

(6) (a) Die dokumente wat in die aansoekvorm vereis word, moet by die aansoekvorm aangeheg word.

(b) Die administrateur mag weier om 'n aansoek te oorweeg indien die dokumente wat in die aansoekvorm vereis word, nie aangeheg is nie, maar slegs nadat die administrateur redelike stappe gedoen het om die applikant te help om die dokumente te bekom.

(7) Die bankbesonderhede van die persone of instansies aan wie die fooie, die vervoertoelaag, die losiestoelaag en die toelaag ten opsigte van die aankoop van handboeke en die toelaag waarvoor in regulasie 8(1)(c) voorsiening gemaak is, betaal moet word, soos in die aansoekvorm vereis, moet deur die bank bevestig word deur die aanbring van die amptelike stempel van die bank.

(8) Die aansoekvorm moet, nadat dit ingevul is, elektronies of per faksimilee of geregistreerde pos aan die toegewyde beampte voorgelê word.

### **Daaropvolgende aansoek om bystand**

12. (1) 'n Slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer wat ingevolge hierdie Regulasies aansoek om bystand vir 'n bepaalde jaar gedoen het, maar wie se aansoek nie goedgekeur is nie as gevolg van nievoldoening aan die kriteria, vereistes en voorwaardes waarvoor in hierdie Regulasies voorsiening gemaak word, mag aansoek om bystand ten opsigte van enige ander daaropvolgende jaar doen.

(2) (a) 'n Slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer wat bystand ingevolge hierdie Regulasies vir 'n bepaalde jaar ontvang het en wat begerig is om verdere bystand in daaropvolgende jare te ontvang om sy of haar studies te voltooi, moet jaarliks 'n aansoek om verdere bystand doen wat aan die toegewyde beampte voorgelê moet word op die wyse waarvoor in regulasie 11(8) voorsiening gemaak word op of voor die afsnydatums waarvoor in regulasie 11(3)(b) voorsiening gemaak word.

(b) Die kriteria, vereistes en voorwaardes waarvoor in hierdie Regulasies voorsiening gemaak word, met die uitsondering van die voorwaardes in regulasie 10(1), is op 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer waarna in paragraaf (a) verwys word, van toepassing.

(c) Die toegewyde beampte hoef nie te voldoen aan regulasie 13(1) ten opsigte van 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer waarna in paragraaf (a) verwys word, nie.

### **Bevestiging van status van applicant**

13. (1) Behoudens subregulasie (2), moet die toegewyde beampte binne 30 dae na ontvangs van 'n aansoekvorm—

(a) ten opsigte van elke aansoekvorm ontvang, bevestig of die persoon wat in die aansoekvorm as 'n slagoffer vermeld word, 'n slagoffer is; en

(b) daarbenewens, waar van toepassing, bevestig of die persoon wat in die aansoekvorm as 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer aangedui word, 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is.

(2) (a) Die toegewyde beampte mag, ten einde die inligting waarna in subregulasie (1) verwys word, te bevestig—

- (i) die applikant versoek om verdere inligting of dokumentasie met betrekking tot die aansoek te verskaf; of
- (ii) die nodige inligting of dokumentasie van enige ander persoon of instansie bekom.

(b) Wanneer die toegewyde beampte bykomende inligting vereis, moet die 30-dae tydperk waarna in subregulasie (1) verwys word, bereken word vanaf die datum van ontvangs van die bykomende inligting.

(3) (a) Die toegewyde beampte moet 'n sertifikaat, wat wesenlik ooreenstem met Vorm 2 vervat in die Aanhangsel, invul indien hy of sy bevind dat die persoon wat aansoek om bystand doen, 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is.

(b) Die toegewyde beampte moet, indien hy of sy 'n aansoek om bystand ontvang van 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer ten opsigte waarvan 'n sertifikaat waarvoor in subregulasie (3) voorsiening gemaak word, alreeds voorheen uitgereik is, 'n gesertifiseerde kopie daarvan tesame met die aansoek aan die administrateur voorlê.

(c) Die toegewyde beampte moet die prosedure waarvoor in regulasie 15(3) voorsiening gemaak word, volg indien hy of sy van voorneme is om 'n bevinding te maak dat die persoon wat aansoek om bystand doen, nie 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is nie.

(d) Die bepalinge van regulasie 15(4) en (5) is van toepassing met die nodige veranderings soos deur die samehang vereis ten opsigte van besluite van die toegewyde beampte kragtens hierdie regulasie.

(e) Die toegewyde beampte moet nie die aansoek aan die administrateur voorlê nie indien die toegewyde beampte bevind dat die applikant nie 'n slagoffer of familielid of afhanklike van 'n slagoffer is nie.

(4) Die toegewyde beampte moet, by voltooiing van die sertifikaat waarvoor in subregulasie (3)(a) voorsiening gemaak word, die aansoekvorm, die aanhangsels daartoe en die sertifikaat aan die administrateur voorlê en die applikant skriftelik daarvan in kennis stel.

### **Verwerking van versoek om bystand**

14. (1) Die administrateur moet, by ontvangs van die ingevulde aansoekvorm en die sertifikaat waarvoor in regulasie 13(3) voorsiening gemaak word, en ten spyte van regulasie 15(1) en (2)—

- (a) onverwyld, vir doeleindes van die spoedige verwerking van die aansoek en om hulp te verleen, enige verdere inligting of dokumentasie bekom om enige onsekerhede met betrekking tot die inligting in die aansoekvorm, uit te klaar; en
- (b) homself of haarself vergewis dat—
  - (i) die bystand waarvoor aansoek gedoen is, binne die omvang van hierdie Regulasies val;
  - (ii) die kriteria, vereistes of voorwaardes waarvoor in hierdie Regulasies voorsiening gemaak word, nagekom of vervul is;

- (iii) 'n besluit nie alreeds gemaak is met betrekking tot die begunstigde vir die bepaalde jaar ten opsigte waarvan aansoek om bystand gedoen is nie, met verwysing na die register waarna in regulasie 18(4) verwys word of enige ander dokument wat inligting in hierdie verband bevat; en
- (iv) daar voldoende fondse beskikbaar is om die bystand waarvoor aansoek gedoen is, te verleen.

(2) Die administrateur moet, vir doeleindes van oorweging van 'n aansoek om 'n vervoertoelaag –

- (a) die afstand wat deur die begunstigde gereis moet word tussen sy of haar woonplek en die inrigting vir hoër onderwys en opleiding wat bygewoon is of die plek waar die leerprogram deur die vaardigheids ontwikkelingsverskaffer aangebied word; en
- (b) ander vervoermiddele wat beskikbaar is en die koste daarvan, in aanmerking neem.

(3) Die administrateur moet, vir doeleindes van hierdie regulasie, die aansoek om bystand, waar toepaslik, oorweeg op grond van dokumentêre bewyse, insluitend 'n beëdigde verklaring indien geen ander dokumentêre bewyse beskikbaar is nie.

### **Besluit met betrekking tot aansoek om bystand**

15. (1) Die administrateur mag nie 'n besluit met betrekking tot 'n aansoek om bystand neem voor die verstryking van die afsnydatum waarna in regulasie 11(3)(b) verwys word, nie.

(2) (a) Die administrateur moet 'n besluit neem ten opsigte van 'n aansoek—

- (i) voorgelê op of voor die afsnydatum waarna in regulasie 11(3)(b) verwys word—
  - (aa) binne 60 dae na die verstryking van die afsnydatum; of
  - (bb) binne 60 dae na ontvangs van die aansoekvorm van die toegewyde beampte ingevolge regulasie 13(4),
 welke datum die laaste is; of
- (ii) voorgelê na die afsnydatum waarna in regulasie 11(3)(b) verwys word, binne 60 dae na ontvangs van die aansoekvorm van die toegewyde beampte ingevolge regulasie 13(4).

(b) Die tydperk waarna in paragraaf (a) verwys word, mag, indien die administrateur gehandel het—

- (i) ingevolge regulasie 14(1)(a), verleng word vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk vereis om die bykomende inligting te ontvang of die onsekerheid op te klaar; en
- (ii) ingevolge subregulasie (3)(a), verleng word vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk bereken vanaf die datum van daardie kennisgewing tot die datum, in daardie kennisgewing gespesifiseer, waarbinne die applikant mag reageer.

(3) (a) Die administrateur moet, indien hy of sy van voorneme is om 'n aansoek om bystand te weier, die applikant skriftelik van die voorneme en die diskwalifiserende faktor in kennis stel en die applikant uitnoui om daarop te reageer op die wyse en voor die datum deur die administrateur in die kennisgewing gespesifiseer.

(b) Die datum deur die administrateur gespesifiseer in die kennisgewing waarna in paragraaf (a) verwys word, moet 'n tydperk van ten minste 40 dae toelaat vir die applikant om te reageer.

(c) Die administrateur mag, indien geen antwoord na die verstryking van die datum gespesifiseer in die kennisgewing ontvang is nie, 'n besluit ten opsigte van die aansoek om bystand neem.

(d) Die administrateur moet, wanneer 'n antwoord van die applikant ontvang is, by ontvangs daarvan, die antwoord oorweeg en 'n besluit ten opsigte van die aansoek om bystand neem.

(4) Die administrateur moet skriftelik—

- (a) die besluit aanteken;
- (b) die redes vir die besluit aanteken;
- (c) die bedrag vir betaling waarop besluit is, aanteken; en
- (d) die berekenings wat gemaak is, aanteken, insluitend die berekenings in die geval van enige aftrekkings wat ingevolge regulasie 11(4)(b) of (d) gemaak is.

(5) Die administrateur moet, binne sewe dae nadat 'n besluit geneem is, die applikant mondelings, indien sy of haar kontakbesonderhede beskikbaar is, en skriftelik—

- (a) van die besluit;
- (b) van die bedrag van die bystand wat verleen gaan word;
- (c) rakende enige aftrekkings wat gemaak is;
- (d) rakende sy of haar reg om verdoë ingevolge regulasie 19 te rig, indien die applikant gegrief is deur enige besluit deur die administrateur ingevolge hierdie Regulasies geneem,

inlig.

### **Betaling van bystand**

16. (1) (a) Die administrateur moet, indien 'n aansoek om bystand goedgekeur is, reëlings met die persone of instansies wat betaal moet word, met betrekking tot betaling, tref.

(b) Die administrateur moet, voordat enige betaling ingevolge hierdie regulasie gemaak word, by die persone of instansies wat betaal moet word, navraag doen of hy of sy bewus is van enige finansiële hulp, bystand of toegewing waarna in regulasie 11(4) verwys word, wat deur die begunstigde ontvang is.

(c) Die administrateur moet, indien dit uit die navraag waarvoor in paragraaf (b) voorsiening gemaak word, blyk dat die begunstigde enige finansiële hulp, bystand of toegewing ontvang het wat nie deur die begunstigde geopenbaar is nie, daardie bedrag bereken en van die bedrag waarvoor die begunstigde ingevolge hierdie Regulasies kwalifiseer, aftrek.

(d) Die administrateur moet, voor die bedrag waarna in paragraaf (c) verwys word, afgetrek word, die begunstigde 'n redelike geleentheid gee om die ontvangs van die finansiële hulp, bystand of toegewing te verduidelik.

(2) (a) Betaling van bystand moet gemaak word—

- (i) deur elektroniese oorplasing; en
- (ii) aan die persone en inrigtings waarna in paragraaf (b) verwys word.

(b) Die administrateur moet betalings ten opsigte van die volgende uitgawes aan die volgende persone maak:

- (i) Fooie moet aan die relevante sentrum, kollege of die inrigting vir hoër onderwys betaal word;
- (ii) die losiestoelaag moet betaal word aan die persoon, instansie of liggaam wat verantwoordelik is vir die bestuur en administrasie van die koshuis of plek waar die begunstigde woon of loseer;
- (iii) die vervoertoelaag mag betaal word aan die begunstigde of die persoon, instansie of liggaam wat die vervoer verskaf;
- (iv) bystand ten opsigte van die aankoop van handboeke mag betaal word aan die begunstigde of die persoon, instansie of liggaam wat die goedere verskaf; en
- (v) die toelae waarvoor in regulasie 8(1)(c) voorsiening gemaak word, moet betaal word aan die relevante kollege wat dit aan die leerder moet oorbetaal.

(3) Die administrateur moet, wanneer 'n betaling gemaak word, gesonde finansiële administratiewe beginsels, prosedures en prosesse volg.

(4) Die administrateur mag gereeld 'n betaling maak aan die persone en instansies waarna in subregulasie (2)(b) verwys word.

(5) (a) Die administrateur mag 'n vooruitbetaling aan 'n begunstigde maak ten opsigte van die bystand waarvoor in subregulasie (2)(b)(iii) en (iv) voorsiening gemaak word, alvorens 'n begunstigde enige uitgawes in hierdie verband aangegaan het, indien dit vir die administrateur dienstig blyk en hy of sy, by voorlegging van bewys van die begunstigde, oortuig is dat hierdie uitgawes aangegaan sal word.

(b) Die administrateur mag 'n vooruitbetaling ten opsigte van die losiestoelaag van 'n begunstigde maak indien dit vir die administrateur dienstig blyk en hy of sy, by voorlegging van bewys deur die begunstigde, oortuig is dat die uitgawes aangegaan sal word.

(c) 'n Begunstigde wat 'n vooruitbetaling ingevolge hierdie regulasie ten opsigte van die losiestoelaag of die aankoop van handboeke ontvang het, moet binne 30 dae na ontvangs van 'n vooruitbetaling, aan die administrateur bewys van betaling van die uitgawe ten opsigte waarvan die vooruitbetaling ontvang is, voorlê.

(d) Die administrateur mag nie enige verdere betaling of vooruitbetaling ingevolge hierdie regulasie maak indien bewys van die betaling van die uitgawe ten opsigte waarvan die vooruitbetaling ontvang is, soos in paragraaf (c) vereis, voorgelê is nie.

(e) Die administrateur mag 'n begunstigde of 'n persoon wat ouerlike gesag oor die begunstigde uitoefen, skriftelik gelas om enige bedrag wat ingevolge hierdie regulasie vooruitbetaal is, terug te betaal indien die uitgawes ten opsigte waarvan die bedrag betaal is, nie aangegaan is nie.

(f) Die administrateur mag slegs 'n lasgewing waarna in paragraaf (e) verwys word, gee indien hy of sy oortuig is dat die uitgawes nie aangegaan is nie as gevolg van omstandighede waarvoor die begunstigde of die persoon wat ouerlike gesag oor die begunstigde uitoefen, geen beheer het nie.

(6) (a) Die administrateur mag, indien bystand ten opsigte van akkommodasie vir 'n begunstigde by 'n plek anders as 'n koshuis betaal is, gereeld bewys aanvra—

- (i) van die persoon wat die akkommodasie verskaf dat die begunstigde steeds daar woon of loseer;
- (ii) van die persoon wat die akkommodasie verskaf, van die bedrag betaalbaar ten opsigte van die akkommodasie van die begunstigde; en
- (iii) van die inrigting vir hoër onderwys dat die begunstigde nog steeds by die inrigting geregistreer is.

(b) Die administrateur mag weier om enige verdere betalings betreffende die akkommodasie van die begunstigde te maak indien bewys van die feite waarna in paragraaf (a) verwys word, aangevra is maar nie binne die tydperk deur die administrateur gespesifiseer, voorgelê is nie.

(7) Die administrateur mag slegs 'n betaling aan 'n persoon of instansie maak ten opsigte van akkommodasie waarna in subregulasie (6)(a) verwys word, by ontvangs van dokumentêre bewys wat—

- (a) die bedrag betaalbaar;
- (b) die feit dat die begunstigde by die inrigting vir hoër onderwys en opleiding geregistreer is;
- (c) indien van toepassing, die feit dat die begunstigde akkommodasie op 'n ander plek as 'n koshuis huur; en
- (d) enige ander inligting, wat na oordeel van die administrateur noodsaaklik is om rekenpligtigheid te verseker, bevestig.

(8) Die administrateur moet—

- (a) bewys van betalings hou;
- (b) die begunstigde en die persoon of instansie aan wie 'n betaling gemaak is skriftelik van sodanige betaling inlig; en
- (c) die begunstigde skriftelik inlig dat hy of sy aan die administrateur 'n gesertifiseerde afskrif moet voorlê van sy of haar uitslae wat deur die inrigting wat hy of sy bywoon, verskaf is en waarvoor hy of sy bystand ontvang het, binne twee weke na ontvangs daarvan.

(9) Die administrateur moet die ontvangs van die uitslae opvolg en rekord daarvan hou.

### **Betaling vanuit Fonds aan Departement**

17. (1) Die fondsadministrateur moet gereelde betalings vanaf die Fonds aan die Departement maak om daardie Departement te vergoed vir die betalings wat ingevolge regulasie 16(2) gemaak is.

(2) Die fondsadministrateur moet ten minste vier betalings per jaar maak en die laaste betaling moet voor die einde Februarie van elke jaar gemaak word.

(3) Die fondsadministrateur mag nie enige betaling aan die Departement maak sonder—

- (a) ontvangs van 'n eis vanaf die Departement; en
- (b) bewys van betaling van die bystand ingevolge hierdie Regulasies deur die Departement of, indien die toepassing van hierdie Regulasies aan die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente gedelegeer is, deur die Skema.



(4) Die betalings wat in 'n bepaalde jaar deur die fondsadministrateur aan die Departement gemaak is, mag nie die bedrag wat ingevolge regulasie 4(1) deur die rekenpligtige beampte bepaal is, oorskry nie.

### **Byhou van rekords en registers deur toegewyde beampte en administrateur**

18. (1) Die toegewyde beampte moet deeglik rekord hou van—

- (a) die persone wat aansoek om bystand gedoen het;
- (b) die inligting ontvang in verband met die aansoeke om bystand;
- (c) die dokumente ontvang ter ondersteuning van die aansoek om bystand; en
- (d) volledige besonderhede van die besluite geneem ten opsigte van die aansoeke ontvang.

(2) Die toegewyde beampte moet 'n register opstel wat die volgende besonderhede bevat ten opsigte van elke aansoek om bystand ontvang:

- (a) Die naam van die applikant;
- (b) die aard van die bystand waarvoor aansoek gedoen is;
- (c) die naam van die slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer ten opsigte van wie die aansoek om bystand gedoen is;
- (d) die jaar waarvoor die aansoek om bystand gedoen word; en
- (e) die besluit deur die toegewyde beampte geneem ten opsigte van die aansoek.

(3) Die administrateur moet behoorlik rekord hou van—

- (a) die aansoeke ontvang van die toegewyde beampte;
- (b) die inligting ontvang in verband met daardie aansoeke;
- (c) die dokumente ontvang ter ondersteuning van daardie aansoeke;
- (d) die besluite wat geneem is; en
- (e) die betalings wat gemaak is.

(4) Die administrateur moet 'n register opstel wat die volgende besonderhede ten opsigte van elke betaling wat gemaak is, bevat:

- (a) Die naam van die begunstigde ten opsigte van wie die bystand betaal is;
- (b) die aard van die bystand;
- (c) die jaar waarvoor die bystand betaal is;
- (d) die datum waarop die bedrag uitbetaal is;
- (e) die bedrag wat uitbetaal is; en
- (f) die besonderhede van die persone of instansies aan wie betalings gemaak is.

(5) Die toegewyde beampte en administrateur moet daaglik, naweke uitgesluit, die registers in subregulasies (2) en (4) bedoel, bywerk.

(6) Die administrateur moet rekord hou van die inligting waarna in regulasie 4(3)(d) tot (f) verwys word en daardie inligting aan die einde van Augustus van elke jaar aan die rekenpligtige beampte voorlê.

### **Verdoë deur gegriefde persone**

19. (1) (a) 'n Applikant wat gegrief is deur 'n besluit geneem deur die toegewyde beampte ten opsigte van die nagaan van die status van die applikant ingevolge regulasie 13, mag verdoë aan die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste rig.

(b) 'n Applikant wat gegrief is deur 'n besluit van die administrateur geneem ingevolge hierdie Regulasies, mag verdoë tot die Minister rig.

(2) Die verdoë waarna in subregulasie (1) verwys word—

- (a) mag te eniger tyd gemaak word, maar nie later nie as 60 dae na ontvangs van die kennisgewing van die besluit van die toegewyde beampte of die administrateur;
- (b) moet skriftelik wees;
- (c) moet die redes aandui waarom die persoon gegrief is; en
- (d) moet, waar moontlik, van dokumente vergesel gaan wat die redes waarom die persoon gegrief is, ondersteun.

(3) Die verdoë moet op een van die volgende wyses aan die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, voorgelê word:

- (a) Per geregistreerde pos;
- (b) deur dit persoonlik by die kantoor van die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, af te lewer; of
- (c) per faksimilee, in welke geval bewys van die versending gehou moet word en die oorspronklike daarvan per geregistreerde pos gestuur moet word.

### **Verwerking van verdoë**

20. (1) Die toegewyde beampte en die administrateur moet, onmiddelik by kennisgewing dat verdoë ingevolge regulasie 19 gerig is ten opsigte van 'n besluit deur hom of haar geneem, die dokumente in sy of haar besit betreffende die besluit, tesame met die redes daarvoor, aan die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, voorlê.

(2) Die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, mag, ten einde 'n bevinding met betrekking tot die verdoë te maak, enige navrae rig wat hy of sy dienstig ag.

(3) Die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, moet, so gou as wat omstandighede dit toelaat, 'n bevinding met betrekking tot die verdoë maak en die persoon wat die verdoë gerig het, mondelings, as die kontakbesonderhede van die persoon beskikbaar is, en skriftelik van sy of haar bevinding, inlig.

### **Sessie van, opdra van of beslaglegging op voordele**

21. Ten spyte van enige regsreël tot die teendeel, mag geen bedrag wat ingevolge hierdie Regulasies betaal of betaalbaar is—

- (a) deur 'n begunstigde of enige ander persoon of instansie wat betaling ingevolge hierdie Regulasies ontvang het, gesedeer of opgedra word nie;
- (b) kragtens 'n uitspraak van 'n geregshof op beslag gelê word nie; of
- (c) deel uitmaak van die boedel van 'n begunstigde of enige ander persoon of inrigting wat 'n betaling ingevolge hierdie Regulasies ontvang het nie, indien sodanige boedel gesekwestreer word.

### **Tydperk van toepassing**

22. (1) Hierdie Regulasies is van toepassing vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding daarvan.

(2) Ten spyte van die verstryking van hierdie Regulasies, moet die toegewyde beampte en die administrateur, ten opsigte van 'n aansoek wat deur hom of haar voor die datum van verstryking van hierdie Regulasies ontvang is, hierdie Regulasies toepas asof hulle nie verstryk het nie: Met dien verstande dat die aansoek om bystand ten opsigte van die jaar waarin hierdie Regulasies verstryk is en dat fondse beskikbaar is.

### **Kort titel en inwerkingtreding**

23. (1) Hierdie Regulasies heet die Regulasies betreffende Bystand aan Slagoffers ten opsigte van Hoër Onderwys en Opleiding, 2014.

(2) Hierdie Regulasies tree in werking op 7 November 2014.

## AANHANGSEL

## VORM 1

## [Regulasie 11]

## AANSOEK OM BYSTAND TEN OPSIGTE VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING

## WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET 34 VAN 1995)

## LEES EERS DIE VOLGENDE

## Slegs 'n persoon wat –

- (a) deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) bevind is 'n slagoffer te wees ; of  
 (b) 'n familielid, soos byvoorbeeld die kind, of 'n afhanklike van 'n slagoffer, soos byvoorbeeld 'n kleinkind of gade, mag aansoek om bystand doen.

## Om vir bystand te kwalifiseer—

- (a) moet die huishouding waarvan die persoon wat bystand benodig, 'n lid is, **nie meer as R198 000,00 bruto inkomste per jaar** verdien nie; of  
 (b) die persoon wat bystand benodig, moet 'n lid van 'n kwesbare huishouding wees.

'n **Huishouding** bestaan uit die gade, kinders, kleinkinders, ouers en grootouers van 'n slagoffer.

'n **Kwesbare huishouding** is 'n huishouding bestaande uit vier of meer lede waar:

- \* die meerderheid lede ouer as 65 jaar oud is;
- \* die meerderheid lede maatskaplike bystand ontvang;
- \* een lid fisiek of verstandelik gestremd is;
- \* een van die lede onder die ouderdom van 18 jaar is en moet werk; of
- \* slegs een lid werk;

**Onthou om die vereiste dokumente** wat die inligting wat in hierdie vorm verstrekk word, **bevestig, aan te heg**, byvoorbeeld gesertifiseerde kopieë van 'n identiteitsboek en bewys van inkomste, anders gaan u aansoek nie oorweeg word nie.

## A. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT VORM INVUL

1. Titel:				(Mnr, Me, Mev, Dr)
2. Van:				
3. Volle name:				
4. ID nommer:		5. Geboortedatum:		
6. Geslag:	*Manlik / Vroulik			
7. Hoogste vlak van onderwys:				
8. Kontakbesonderhede:	* Woonadres / Woonadres van ander persoon (indien toepaslik): <i>(Verskaf hieronder die adres waar u woon en waarheen u pos gestuur kan word. Indien u nie 'n adres het nie, verstrek die adres van 'n ander persoon wat gekontak kan word, bv kerk, skool, gemeenskapsleier ens..)</i>			
	* Posadres / Posadres van ander persoon (indien toepaslik):			
Telefoonnommers:	Huis: ( )	Werk: ( )	Sel no:	
9. (a) Vul u hierdie vorm namens iemand anders in?				*Ja / Nee
(b) Indien u hierdie vorm namens iemand anders invul, voltooi ook Deel B (B1 & B2) hieronder.				
10. Indien u aansoek om bystand doen, vul die volgende in:				
(a) Is u 'n slagoffer?				*Ja / Nee
(b) Indien u nie 'n slagoffer is nie,				

(i) wat is die slagoffer se naam? .....		
(ii) is u 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer? .....		<b>*Ja / Nee</b>
(c) Indien u 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is, wat is u verwantskap met die slagoffer: .....		
(bv. is u die gade, kind, kleinkind of broer of suster van 'n slagoffer)		
11. (a) Indien u aansoek om bystand doen, het u enige gestremdheid?: .....		<b>*Ja / Nee</b>
(b) Indien wel, verstrek besonderhede van die gestremdheid: .....		
.....		
Handtekening		Datum

**B.1 BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT BYSTAND BENODIG**

*Vul hierdie deel slegs in indien u namens 'n ander persoon aansoek om bystand doen. Verskaf hier die besonderhede van die persoon wat bystand benodig.*

1. Titel:				(Mnr, Me, Mev)
2. Van:				
3. Volle name:				
4. ID nommer:			5. Geboortedatum:	
6. Geslag:	<b>*Manlik / Vroulik</b>			
7. Hoogste vlak van onderwys:				
8. Kontakbesonderhede:	* Woonadres / Woonadres van ander persoon (indien toepaslik): <i>(Verstrek hieronder die adres waar die persoon wat bystand benodig woon en waarheen sy of haar pos gestuur kan word. Indien hy of sy nie 'n adres het nie, verstrek die adres van 'n ander persoon wat gekontak kan word, bv kerk, skool, gemeenskapsleier ens..)</i>			
	* Posadres / Posadres van ander persoon (indien toepaslik):			
Telefoonnommers:	Huis: ( )	Werk: ( )	Sel no:	

9. Is die persoon wat bystand benodig:

- (a) 'n Slagoffer? **\*Ja / Nee**
- (b) Indien hy of sy nie 'n slagoffer is nie,  
 (i) wat is die slagoffer se naam?  
 (ii) is hy of sy 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer **Ja / Nee**
- (c) Indien hy of sy 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is, wat is sy of haar verwantskap met die slagoffer: .....
- (bv is hy of sy 'n gade, kind, kleinkind of broer of suster van 'n slagoffer)

10. (a) Het die persoon wat bystand benodig enige gestremdheid? **\*Ja / Nee**
- (b) Indien wel, verstrek besonderhede van die gestremdheid:

<p>.....</p> <p>.....</p>	
Handtekening van die persoon wat die vorm invul namens die persoon wat bystand benodig	Datum

## B.2 BESONDERHEDE VAN FINANSIËLE BYSTAND/HULP/TOEGEWINGS ONTVANG DEUR PERSOON WAT BYSTAND BENODIG

*Vul hierdie deel slegs in indien die persoon wat bystand benodig enige vorm van bystand van die Staat ontvang het, insluitend die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente of van 'n instansie beoog in die "Skills Development Act", of van sy of haar werkgewer, byvoorbeeld 'n beurs of enige afslag of vrygestel is van die betaling van fooie. Dui die vorm van bystand en die bedrag wat ontvang is hier aan.*

1. Naam van die instansie / persoon wat die bystand / hulp verleen het / gaan verleen:

.....

2. Die jaar waarvoor die hulp / bystand ontvang is / gaan ontvang word: .....

3. Aard en bedrag van die hulp / bystand ontvang / ontvang te word: .....

.....

4. Voorwaardes verbonde aan die hulp / bystand: .....

.....

**(Heg dokumente aan om bovermelde inligting te ondersteun.)**

## C. VORM VAN BYSTAND WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD

*Neem kennis dat bystand slegs verleen sal word ten opsigte van programme wat tot 'n kwalifikasie lei. Die vorme van bystand sluit in fooie (soos registrasiekoste, onderrigkoste, koste met betrekking tot studente-berading, werkplasing en ander administratiewe kostes), akkommodasie en vervoertoelae, toelae vir die aankoop van handboeke en 'n toelaag wanneer 'n persoon werk as deel van sy of haar leerlingskap of vakleerlingskap.*

### C.1 BYSTAND VIR ONDERWYS EN OPLEIDING VIR VOLWASSENES (Reg 5)

*Neem kennis dat die hoogste vlak van onderwys wat ingevolge kategorie C.1 aangebied word, soortgelyk is aan graad 9. Neem verder kennis dat hierdie vorm van bystand slegs verleen kan word indien jy sestien jaar of ouer is.*

#### I. Bystand ten opsigte van fooie en handboeke:

Indien bystand ten opsigte van **fooie en handboeke** benodig word, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....

2. Besonderhede van sentrum:

(a) Naam van die sentrum: .....

(b) Adres van die sentrum: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die sentrum geleë is.)*

3. Totale bedrag van fooie betaalbaar aan die sentrum: .....

*(Heg bewys van registrasie by die sentrum aan en van die bedrag betaalbaar. Dui aan of die bedrag betaalbaar is per jaar of*

*vak of module.)*

4. Bedrag benodig vir aankoop van handboeke: .....

5. Bankbesonderhede van die sentrum in wie se rekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van sentrum te bevestig.)*

**II. Bystand ten opsigte van vervoer:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **vervoer**, vul die volgende in:

1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig: .....

2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....

3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en die sentrum waar die program aangebied word: .....

4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar: .....

*(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)*

5. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van instansie/persoon te bevestig.)*

Handtekening van applikant of die persoon wat vorm  
invul namens die persoon wat bystand benodig

Datum

**C.2 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN VERDERE ONDERWYS EN OPLEIDING (Reg 6)**

**I. Bystand ten opsigte van fooie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **fooie**, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....

2. Besonderhede van kollege:

(a) Naam van kollege: .....

(b) Adres van kollege: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die kollege geleë is.)*

3. Word die studies ten opsigte waarvan bystand benodig word, onderneem op 'n voltydse of deeltydse basis of deur middel van afstandsonderrig?: ..... **\*Voltydse** / **Deeltydse** / **Afstandsonderrig**
4. Totale bedrag van fooie betaalbaar aan die kollege: .....  
(Heg bewys van registrasie by die kollege aan en van die bedrag betaalbaar aan die kollege. Dui aan of die bedrag per jaar of vak of module betaalbaar is.)
5. Bankbesonderhede van die kollege in wie se bankrekening die geld betaal moet word :  
 Naam van Rekeninghouer: .....  
 Naam van bank: .....  
 Takkode: .....  
 Rekeningnommer: .....

(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van kollege te bevestig.)

## II. Bystand ten opsigte van akkommodasie:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **akkommodasie**, vul die volgende in:

1. Besonderhede van akkommodasie :

Naam van koshuis / losieshuis: .....

Adres van koshuis / losieshuis: .....

(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die koshuis of losieshuis geleë is.)

2. Bedrag van losies wat per jaar betaal moet word:.....

(Heg bewys aan van die bedrag betaalbaar en dat die persoon wat bystand benodig, akkommodasie huur.)

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van instansie/persoon te bevestig.)

## III. Bystand ten opsigte van vervoer:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **vervoer**, vul die volgende in:

1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig: .....

2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....

3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en die kollege waar die program aangebied word: .....

4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar: .....

(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)

5. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....



Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van instansie/persoon te bevestig.)*

**IV. Bystand ten opsigte van handboeke:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **handboeke**, vul die volgende in:

1. Bedrag benodig om handboeke te koop: .....
2. Besonderhede van handboeke wat gekoop moet word: .....
- .....
- .....
- .....

*(Dui die naam van die outeur, die titel van die boek en die prys van elke boek aan.)*

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van instansie/persoon te bevestig.)*

Handtekening van applikant of van die persoon wat vorm invul namens die persoon wat bystand benodig

Datum \_\_\_\_\_

**C.3 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN HOËR ONDERWYS (Reg 7)**

**Neem kennis** dat die bystand in C.3 vir persone is wat **graad 12 geslaag** het en wat aan 'n **universiteit of teknikon** wil studeer. **Neem verder kennis** dat die bystand beperk is tot **voorgraadse studente alleenlik**.

**I. Bystand ten opsigte van fooie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **fooie**, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....
2. Besonderhede van inrigting:
  - (a) Naam van inrigting: .....
  - (b) Adres van inrigting: .....
  - .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die inrigting geleë is.)*

3. Word die studies ten opsigte waarvan bystand benodig word, onderneem op 'n voltydse of deelydse basis of deur middel van afstandsonderrig?:
 

*Voltyds	/Deelydys:	/Afstandsonderrig
----------	------------	-------------------

4. Totale bedrag van fooie betaalbaar aan die inrigting: .....
- (Heg bewys van registrasie by die inrigting aan en van die bedrag betaalbaar aan die inrigting. Dui aan of die*

*bedrag per jaar of vak of module betaalbaar is.)*

5. Bankbesonderhede van die inrigting in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van inrigting te bevestig.)*

## II. Bystand ten opsigte van akkommodasie:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **akkommodasie**, vul die volgende in:

1. Besonderhede van akkommodasie:

Naam van koshuis / losieshuis: .....

Adres van koshuis / losieshuis: .....

.....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die koshuis / losieshuis geleë is.)*

2. Bedrag van losies per jaar wat betaal moet word: .....

*(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat die persoon wat bystand benodig, akkommodasie huur.)*

3. Bankbesonderhede van die inrigting / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van inrigting/persoon te bevestig.)*

## III. Bystand ten opsigte van vervoer:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **vervoer**, vul die volgende in:

1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig: .....

2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....

3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en die inrigting waar die program aangebied word: .....

4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar: .....

*(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)*

5. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van instansie/persoon te bevestig.)*

**IV. Bystand ten opsigte van handboeke:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **handboeke**, vul die volgende in:

1. Bedrag benodig om handboeke te koop: .....

2. Besonderhede van die handboeke wat gekoop moet word:

.....  
 .....  
 .....

*(Dui die name van die outeur, die titel van die boek en die prys van elke boek aan.)*

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Name of bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet  
bankstempel hier aanbring om  
bank besonderhede van  
instansie/persoon te bevestig.)*

Handtekening van applikant of die persoon wat vorm  
invul namens die persoon wat bystand benodig

Datum

**C.4 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN VAARDIGHEIDSONTWIKKELING (Reg 8)****C.4. BYSTAND TEN OPSIGTE VAN LEERLINGSKAP OF VAKLEERLINGSKAP**

**Neem kennis** dat 'n persoon wie se aansoek om bystand goedgekeur is, sal slegs die toelae van R1 500,00 per maand ontvang (Reg 8(1)(c)) gedurende die werkervaring-komponent van die leerlingskap of vakleerlingskap waarvoor hy of sy geregistreer is en indien hy of sy voldoen aan die voorwaardes van die leerlingskap-ooreenkoms aangegaan met die werkgewer ingevolge die "Skills Development Act".

**I. Bystand ten opsigte van fooie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **fooie**, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....

2. Besonderhede van leerlingskap of vakleerlingskap waarvoor bystand benodig word: .....

.....  
 .....

3. Besonderhede van kollege:

(a) Naam van kollege: .....

(b) Adres van kollege: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die kollege geleë is.)*

4. Totale bedrag van fooie betaalbaar aan die kollege: .....

*(Heg bewys van registrasie by die kollege aan en van die bedrag betaalbaar aan die kollege. Dui aan of die bedrag per jaar of vak of module betaalbaar is.)*

5. Bankbesonderhede van die kollege in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....	<i>(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van kollege te bevestig.)</i>
Naam van bank: .....	
Rekeningnommer: .....	
Takkode: .....	

## II. Toelae betaalbaar gedurende werkervaring-komponent van leerlingskap of vakleerlingskap:

Indien die toelae betaalbaar gedurende die werkervaring-komponent van die leerlingskap of vakleerlingskap aan die persoon wat bystand benodig, betaal moet word, vul die volgende in:

1. Periode en jaar waarvoor die toelae betaal moet word: .....
2. Besonderhede van werkgewer waar die persoon wat bystand benodig, gaan werk:  
 Naam van die werkgewer: .....  
 Fisiese adres van die werkgewer: .....
3. Kontakbesonderhede van die werkgewer:  
 Telefoonnommer: .....  
 Selnommer: .....  
 Faksnommer: .....
4. Bankbesonderhede van die kollege in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Rekeningnommer: .....

Takkode: .....

*(Toepaslike bank moet  
bankstempel hier aanbring om  
bank besonderhede van kollege te  
bevestig.)*

## D. BESONDERHEDE VAN SAMESTELLING VAN HUISHOUDING

*'n Huishouding bestaan uit die gade, kinders, kleinkinders, ouers en grootouers van 'n slagoffer.*

1. Getal lede in huishouding: .....
2. Getal lede in huishouding wat werk: .....
3. Getal lede in huishouding wat ouer as 65 jaar is: .....
4. Getal lede van die huishouding wat maatskaplike bystand ingevolge die Wet op Maatskaplike bystand ontvang: .....
5. Getal lede in huishouding wat fisiek of liggaamlik gestremd is soos in artikel 9 van die Wet op Maatskaplike Bystand bedoel: .....
6. Getal lede in huishouding wat werk ten einde tot die inkomste van die huishouding by te dra en wat onder die ouderdom van 18 jaar is: .....

*(Heg bewys aan ter ondersteuning van die inligting hierbo verskaf.)*

## E. BESONDERHEDE VAN INKOMSTE VAN LEDE VAN HUISHOUDING

**Neem kennis dat dit nie nodig is om hierdie deel in te vul indien bystand ingevolge hierdie Regulasies voorheen aan die persoon**

*wat bystand nodig, verleen is nie.  
Indien die spasie op hierdie bladsy voorsien nie voldoende is nie, vul die besonderhede op 'n aparte bladsy/e in en heg die bykomende bladsye by hierdie vorm aan.*

**Besonderhede van inkomste van lede van huishouding:**  
*(Dui aan of dit 'n pensioen, salaris, kommissie of seisoenaal is en indien dit seisoenaal is, verstrek besonderhede daarvan.)*

Lid 1:	Volle name en Van: ..... ID no. .... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van die inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 2:	Volle name en Van: ..... ID no. .... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van die inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 3:	Volle name en Van: ..... ID no. .... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van die inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 4:	Volle name en Van: ..... ID no. .... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van die inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....

**F. SERTIFIKAAT**

Ek, ....., sertifiseer hierby dat die inligting wat ek hierbo verskaf het, korrek en na my beste wete waar is. Ek gee hiermee toestemming dat die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling die korrektheid van enige van my stellings kan nagaan. Ek is bewus daarvan dat ek vervolg kan word indien ek valse inligting gee.

Handtekening van applikant of die persoon wat vorm  
invul namens die persoon wat bystand nodig

Datum

**NOTA**

**Die aansoekvorm moet, nadat dit ingevul is, aan die toegewyde beampte voorgelê word—**

- (a) elektronies aan die volgende adresse: **VJJacobs@justice.gov.za**
- (b) per faksimilee aan **086 641 5744**;
- (c) per geregistreerde pos aan die volgende adres: Die WVK Eenheid, Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Privaatsak X81, Pretoria, 0001.

## VORM 2: SERTIFIKAAT DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE

## [Regulasie 13]

WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET 34 VAN 1995)

(Hierdie vorm moet ingevul word deur die toegewyde beampte ('n beampte in die WVK Eenheid) wanneer nagegaan word of die persoon wat bystand benodig 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is.)

\* Merk toepaslike blok met 'n X

A. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT BYSTAND INGEVOLGE REGULASIE 11 BENODIG	
Naam van persoon wat bystand benodig:	
ID nommer/Geboortedatum:	
Datum van ontvangs van aansoek:	

B. BEVESTIGING DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE		
Die persoon vermeld in Deel A is 'n –		
(a) SLAGOFFER:	* Ja / Nee	
	WVK-verwysing nagegaan	* Ja / Nee
	WVK-verwysingsnommer van slagoffer	
	Addisionele dokumente / inligting ontvang	* Ja / Nee
	Indien Ja, spesifiseer	

Of

(b) FAMILIELID VAN 'N SLAGOFFER	* Ja / Nee
Sy of haar verwantskap met die slagoffer is soos volg:	
.....	
.....	

Of

(c) AFHANKLIKE VAN 'N SLAGOFFER:	* Ja / Nee
Die basis van sy of haar afhanklikeheid van die slagoffer is soos volg: .....	
.....	

C. OPMERKINGS DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE

D. BESONDERHEDE VAN TOEGEWYDE BEAMPTE	
Naam en van: ..... ID nommer: .....	
Handtekening van toegewyde beampte	Datum van sertifikaat

No. R. 853

3 November 2014

**REGULATIONS RELATING TO ASSISTANCE TO VICTIMS IN RESPECT OF BASIC EDUCATION: PROMOTION OF NATIONAL UNITY AND RECONCILIATION ACT, 1995**

The President has, under section 27(2) of the Promotion of National Unity and Reconciliation Act, 1995 (Act No. 34 of 1995), and after the procedures prescribed in sections 4(f)(i) and 27(1) and (2) of the said Act were complied with, made the Regulations in the Schedule.

**SCHEDULE**

**Definitions**

1. In these Regulations, any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act bears the meaning so assigned and, unless the context indicates otherwise—

**"accounting officer"** means the officer appointed by the Minister of Justice and Constitutional Development under section 42(6) of the Act;

**"administrator"** means—

- (a) an official in the Department designated by the Director-General for the purposes of dealing with applications for assistance in terms of these Regulations and matters related thereto; or
- (b) an employee of the National Students Financial Aid Scheme;

**"applicant"** means the following persons who apply for assistance in terms of regulation 10:

- (a) A victim;
(iv) daar voldoende fondse beskikbaar is om die bystand waarvoor aansoek gedoen is, te verleen.

(2) Die administrateur moet, vir doeleindes van oorweging van 'n aansoek om 'n vervoertoelaag—

- (a) die afstand wat die begunstigde moet reis tussen sy of haar woonplek en waar die skool wat bygewoon word, geleë is; en
- (b) ander vervoermiddele wat beskikbaar is en die koste daarvan, in ag neem.

(3) Die administrateur moet, vir doeleindes van hierdie regulasie, die aansoek om bystand, waar toepaslik, oorweeg op grond van dokumentêre bewys, insluitend 'n beëdigde verklaring indien geen ander dokumentêre bewys beskikbaar is nie.

### **Besluit oor aansoek om bystand**

14. (1) Die administrateur mag nie 'n besluit met betrekking tot 'n aansoek om bystand neem voor die verstryking van die afsnydatum waarna in regulasie 10(3)(b) verwys word nie.

(2) (a) Die administrateur moet 'n besluit neem ten opsigte van 'n aansoek—

- (i) voorgelê op of voor die afsnydatum waarna in regulasie 10(3)(b) verwys word—

(aa) binne 60 dae na die verstryking van die afsnydatum; of

(bb) binne 60 dae na ontvangs van die aansoekvorm van die toegewyde beampte ingevolge regulasie 12(4),

welke datum die laaste is; of

- (ii) voorgelê na die afsnydatum waarna in regulasie 10(3)(b) verwys word, binne 60 dae na ontvangs van die aansoekvorm van die toegewyde beampte ingevolge regulasie 12(4).

(b) Die tydperk waarna in paragraaf (a) verwys word, mag, indien die administrateur gehandel het—

- (i) ingevolge regulasie 13(1)(a), verleng word vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk vereis om die bykomende inligting te ontvang of die onsekerheid op te klaar; en

- (ii) ingevolge subregulasie (3)(a), verleng word vir 'n tydperk gelykstaande aan die tydperk bereken vanaf die datum van daardie kennisgewing tot die datum, in daardie kennisgewing gespesifiseer, waarbinne die applikant mag reageer.

(3) (a) Die administrateur moet, indien hy of sy van voorneme is om 'n aansoek om bystand te weier, die applikant skriftelik van die voorneme en die diskwalifiserende faktor in kennis stel en die applikant uitnoui om daarop te reageer op die wyse en voor die datum in die kennisgewing deur die administrateur gespesifiseer.

(b) Die datum deur die administrateur gespesifiseer in die kennisgewing waarna in paragraaf (a) verwys word, moet 'n tydperk van ten minste 40 dae toelaat vir die applikant om te reageer.

(c) Die administrateur mag, indien geen antwoord na die verstryking van die datum in die kennisgewing gespesifiseer, ontvang is nie, 'n besluit ten opsigte van die aansoek om bystand neem.

(d) Die administrateur moet, wanneer 'n antwoord van die applikant ontvang is, die antwoord by ontvangs daarvan, die antwoord oorweeg en 'n besluit ten opsigte van die aansoek om bystand neem.

(4) Die administrateur moet skriftelik —

- (a) die besluit aanteken;
- (b) die redes vir die besluit aanteken;
- (c) die bedrag betaalbaar aanteken; en
- (d) die berekenings wat gemaak is, aanteken, insluitend die berekenings in die geval waar enige aftrekkings ingevolge regulasie 10(4)(b) of (d) gemaak is.

(5) Die administrateur moet, binne sewe dae nadat 'n besluit geneem is, die applikant mondelings, indien sy of haar kontakbesonderhede beskikbaar is, en skriftelik inlig—

- (a) van die besluit;
- (b) van die bedrag van die bystand wat verleen gaan word;
- (c) van enige aftrekkings wat gemaak is; en
- (d) rakende sy of haar reg om verhoë ingevolge regulasie 18 te rig, indien die applikant gegrief is deur enige besluit ingevolge hierdie Regulasies deur die administrateur geneem.

### Betaling van bystand

15. (1) (a) Die administrateur moet, indien die aansoek om bystand goedgekeur is, reëlings betreffende betaling met die persone of instansies wat betaal moet word, tref.

(b) Die administrateur moet, voordat enige betaling ingevolge hierdie regulasie gemaak word, by die persone en instansies wie betaal moet word, navrae doen of hy of sy bewus is van enige finansiële hulp, bystand of toegewing, waarna in regulasie 10(4) verwys word, wat deur die begunstigde ontvang is.

(c) Die administrateur moet, indien dit uit die navraag waarvoor in paragraaf (b) voorsiening gemaak word, blyk dat die begunstigde enige finansiële hulp, bystand of toegewing ontvang het wat nie deur die begunstigde geopenbaar is nie, daardie bedrag bereken en aftrek van die bedrag waarvoor die begunstigde ingevolge hierdie Regulasies kwalifiseer.

(d) Die administrateur moet, voor aftrekking van die bedrag waarna in paragraaf (c) verwys word, die begunstigde 'n redelike geleentheid gee om die ontvangs van die finansiële hulp, bystand of toegewing te verduidelik.

(2) (a) Betaling van bystand moet gedoen word—

- (i) deur middel van elektroniese oordrag; en
- (ii) aan die persone of instansies waarna in paragraaf (b) verwys word.

(b) Die administrateur moet betalings ten opsigte van die volgende uitgawes aan die volgende persone en instansies maak:

- (i) Skoolgelde moet aan die betrokke skool betaal word;
- (ii) die losiestoelaag moet betaal word aan die persoon, instansie of liggaam verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van 'n skoolkoshuis of plek waar die begunstigde woon of loseer;
- (iii) die skooldragtoelaag mag aan die begunstigde of die verskaffer van die skooldrag betaal word; en
- (iv) die vervoertoelaag mag aan die begunstigde of die persoon of instansie wat die vervoer verskaf, betaal word.

(3) Die administrateur moet, wanneer 'n betaling gemaak word, gesonde finansiële beginsels, prosedures en prosesse volg.

(4) Die administrateur mag gereeld 'n betaling maak aan die persone of instansies waarna in subregulasie (2)(b) verwys word.

(5) (a) Die administrateur mag 'n vooruitbetaling aan 'n begunstigde maak ten opsigte van die bystand waarvoor in subregulasie (2)(b)(iii) en (iv) voorsiening gemaak word, alvorens 'n begunstigde 'n uitgawe in hierdie verband aangegaan het, indien dit vir die administrateur dienstig blyk en hy of sy, by voorlegging van bewys deur die begunstigde, oortuig is dat die uitgawes aangegaan sal word.

(b) Die administrateur mag 'n vooruitbetaling ten opsigte van die losiestoelaag van 'n begunstigde maak indien dit vir die administrateur dienstig blyk en hy of sy, by voorlegging van bewys deur die begunstigde, oortuig is dat die uitgawes aangegaan sal word.

(c) 'n Begunstigde wat 'n vooruitbetaling ingevolge hierdie regulasie ten opsigte van 'n losiestoelaag of 'n skooldragtoelaag ontvang het, moet, binne 30 dae na ontvangs van 'n vooruitbetaling, aan die administrateur bewys van betaling van die uitgawe ten opsigte waarvan die vooruitbetaling ontvang is, voorlê.

(d) Die administrateur mag nie enige verdere betaling of vooruitbetaling ingevolge hierdie regulasie maak nie indien bewys van betaling van die uitgawe ten opsigte waarvan die vooruitbetaling gemaak is, nie ontvang is soos deur paragraaf (c) vereis nie.

(e) Die administrateur mag 'n begunstigde of 'n persoon wat ouerlike gesag oor die begunstigde uitoefen, skriftelik gelas om enige bedrag wat ingevolge hierdie Regulasies vooruitbetaal is, terug te betaal indien die uitgawes ten opsigte waarvan die vooruitbetaling gemaak is, nie aangegaan is nie.

(f) Die administrateur mag slegs 'n lasgewing waarna in paragraaf (e) verwys word, gee, indien hy of sy oortuig is dat die uitgawes nie aangegaan is nie as gevolg van omstandighede waaroor die begunstigde of die persoon wat ouerlike gesag oor die begunstigde uitoefen, geen beheer het nie.

(6) (a) Die administrateur mag, indien bystand ten opsigte van akkommodasie vir 'n begunstigde by 'n plek anders as 'n skoolkoshuis betaal is, gereeld bewys aanvra—

- (i) van die persoon wat die akkommodasie verskaf dat die begunstigde steeds daar woon of loseer;
- (ii) van die persoon wat die akkommodasie verskaf, van die bedrag betaalbaar ten opsigte van die akkommodasie van die begunstigde; en
- (iii) van die skool dat die begunstigde nog steeds by die skool geregistreer is.

(b) Die administrateur mag weier om enige verdere betalings betreffende die akkommodasie van die begunstigde te maak indien bewys van die feite waarna in paragraaf (a) verwys word, aangevra is maar nie binne die tydperk deur die administrateur gespesifiseer, voorgelê is nie.

(7) Die administrateur mag slegs 'n betaling aan 'n persoon of 'n instansie maak ten opsigte van akkommodasie waarna in subregulasie (6)(a) verwys word, by ontvangs van dokumentêre bewys wat—

- (a) die bedrag betaalbaar;
- (b) die feit dat die begunstigde by die skool geregistreer is;
- (c) indien van toepassing, die feit dat die begunstigde akkommodasie op 'n ander plek as 'n skoolkoshuis huur; en
- (d) enige ander inligting, wat na oordeel van die administrateur noodsaaklik is om rekenpligtigheid te verseker,

bevestig.

(8) Die administrateur moet—

- (a) bewys van betalings hou;



- (b) die begunstigde en die persoon of instansie aan wie 'n betaling gemaak is skriftelik van sodanige betaling inlig; en
  - (c) die begunstigde skriftelik inlig dat hy of sy 'n gesertifiseerde kopie aan die administrateur moet voorlê van sy of haar resultate wat deur die skool wat sy of hy bywoon, verskaf is, binne twee weke na ontvangs daarvan.
- (9) Die administrateur moet die ontvangs van die resultate kontroleer en rekord daarvan hou.

### **Betaling vanuit Fonds aan Departement**

16. (1) Die fondsadministrateur moet gereelde betalings vanaf die Fonds aan die Departement maak om daardie Departement te vergoed vir die betalings wat ingevolge regulasie 15(2) gemaak is.

(2) Die fondsadministrateur moet ten minste vier betalings per jaar maak en die laaste betaling moet voor die einde van Februarie van elke jaar gemaak word.

(3) Die fondsadministrateur mag nie enige betaling aan die Departement maak sonder—

- (a) ontvangs van 'n eis vanaf die Departement; en
- (b) bewys van betaling van die bystand ingevolge hierdie Regulasies deur die Departement of, indien die toepassing van hierdie Regulasies aan die Nasionale Skema vir Finansiële Bystand vir Studente gedelegeer is, deur die Skema.

(4) Die betalings wat in 'n bepaalde jaar deur die fondsadministrateur aan die Departement gemaak is, mag nie die bedrag wat ingevolge regulasie 4(1) deur die rekenpligtige beampte bepaal is, oorskry nie.

### **Byhou van rekords en registers deur toegewyde beampte en administrateur**

17. (1) Die toegewyde beampte moet deeglik rekord hou van—

- (a) die persone wat aansoek om bystand gedoen het;
- (b) die inligting ontvang in verband met die aansoeke om bystand;
- (c) die dokumente ontvang ter ondersteuning van die aansoeke om bystand; en
- (d) volledige besonderhede van die besluite geneem ten opsigte van die aansoeke ontvang.

(2) Die toegewyde beampte moet 'n register opstel wat die volgende besonderhede bevat ten opsigte van elke aansoek om bystand ontvang:

- (a) Die naam van die applikant;
- (b) die aard van die bystand waarvoor aansoek gedoen is;
- (c) die naam van die slagoffer of 'n familielid of afhanklike van die slagoffer ten opsigte van wie aansoek om bystand gedoen is;
- (d) die jaar waarvoor die aansoek om bystand aansoek gedoen is; en
- (e) die besluit deur die toegewyde beampte geneem ten opsigte van die aansoek.

(3) Die administrateur moet behoorlik rekord hou van—

- (a) die aansoeke van die toegewyde beampte ontvang;
- (b) die inligting ontvang in verband met daardie aansoeke;
- (c) die dokumente ontvang ter ondersteuning van daardie aansoeke;
- (d) die besluite wat geneem is; en
- (e) die betalings wat gemaak is.

(4) Die administrateur moet 'n register opstel wat die volgende besonderhede ten opsigte van elke betaling wat gemaak is, bevat:

- (a) Die naam van die begunstigde ten opsigte van wie bystand betaal is;
- (b) die aard van die bystand;
- (c) die jaar waarvoor die bystand betaal is;
- (d) die datum waarop die bedrag uitbetaal is;
- (e) die bedrag wat uitbetaal is; en
- (f) die besonderhede van die persone of instansies aan wie betalings gemaak is.

(5) Die toegewyde beampte en administrateur moet daaglik, naweke uitgesluit, die registers waarna in subregulasies (2) en (4) verwys word, bywerk.

(6) Die administrateur moet rekord hou van die inligting waarna in regulasie 4(3)(d) tot (f) verwys word en daardie inligting aan die einde van Augustus van elke jaar aan die rekenpligtige beampte voorlê.

### **Verstoë deur gegriefde persone**

18. (1) (a) 'n Applikant wat gegrief is deur 'n besluit van die toegewyde beampte ten opsigte van die nagaan van die status van 'n applikant ingevolge regulasie 12, mag verstoë tot die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste rig.

(b) 'n Applikant wat gegrief is deur 'n besluit van die administrateur geneem ingevolge hierdie Regulasies, mag verstoë tot die Minister rig.

(2) Die verstoë in subregulasie (1) bedoel—

- (a) mag te eniger tyd gerig word, maar nie later nie as 60 dae na ontvangs van die kennisgewing van die besluit van die toegewyde beampte of die administrateur;
- (b) moet skriftelik wees;
- (c) moet die redes aandui waarom die persoon gegrief is; en
- (d) moet, waar moontlik, van dokumente vergesel gaan wat die redes waarom die persoon gegrief is, ondersteun.

(3) Die verstoë moet op een van die volgende wyses aan die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, voorgelê word:

- (a) Per geregistreerde pos;
- (b) deur dit persoonlik by die kantoor van die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, af te lewer; of
- (c) per faksimilee, in welke geval bewys van die versending gehou moet word en die oorspronklike daarvan per geregistreerde pos gestuur moet word.

### **Verwerking van verstoë**

19. (1) Die toegewyde beampte en die administrateur moet, onmiddelik by kennisgewing dat verstoë ingevolge regulasie 18 gerig is ten opsigte van 'n besluit deur hom of haar geneem, die dokumente in sy of haar besit betreffende die besluit, tesame met die redes daarvoor, aan die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, voorlê.

(2) Die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, na gelang van die geval, mag ten einde 'n bevinding met betrekking tot die verstoë te maak, enige navrae rig wat hy of sy dienstig ag.

(3) Die Minister of die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste moet, so gou as wat omstandighede dit toelaat, 'n bevinding met betrekking tot die vertoë maak en die persoon wat die vertoë gerig het, mondelings, as die kontakbesonderhede van die persoon beskikbaar is, en skriftelik van sy of haar bevinding, inlig.

### **Sessie van, opdra van of beslaglegging op voordele**

20. Ten spyte van enige regsreël tot die teendeel, mag geen bedrag wat ingevolge hierdie Regulasies betaal of betaalbaar is—

- (a) deur 'n begunstigde of enige ander persoon of instansie wat betaling ingevolge hierdie Regulasies ontvang het, gesedeer of opgedra word nie;
- (b) kragtens 'n uitspraak van 'n geregshof op beslag gelê word nie; of
- (c) deel uitmaak van die boedel nie van 'n begunstigde of enige ander persoon of instansie wat 'n betaling ingevolge hierdie Regulasies ontvang het, indien sodanige boedel gesekwestreer word.

### **Tydperk van toepassing**

21. (1) Hierdie Regulasies is van toepassing vir 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding daarvan.

(2) Ten spyte van die verstryking van hierdie Regulasies, moet die toegewyde beampte en die administrateur, ten opsigte van 'n aansoek wat deur hom of haar voor die datum van verstryking van hierdie Regulasies ontvang is, hierdie Regulasies toepas asof hulle nie verstryk het nie: Met dien verstande dat die aansoek om bystand gedoen is vir die jaar waarin die Regulasies verstryk en dat fondse beskikbaar is.

### **Kort titel en inwerkingtreding**

22. (1) Hierdie Regulasies heet die Regulasies betreffende Bystand aan Slagoffers ten opsigte van Basiese Onderwys, 2014.

(2) Hierdie Regulasies tree op 7 November 2014 in werking.

## AANHANGSEL

## VORM 1

## [Regulasie 10]

## AANSOEK OM BYSTAND TEN OPSIGTE VAN BASIESE ONDERWYS

## WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET 34 VAN 1995)

## LEES EERS DIE VOLGENDE

## Slegs 'n persoon wat –

- (a) deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) bevind is 'n slagoffer te wees; of  
 (b) die kind of 'n afhanklike van 'n slagoffer is, soos byvoorbeeld 'n kleinkind, mag aansoek om bystand doen.

## Om vir bystand te kwalifiseer-

- (a) moet **die huishouding** waarvan die persoon wat bystand benodig, 'n lid is, **nie meer as R132 000,00 bruto inkomste per jaar** verdien nie; of  
 (b) die persoon wat bystand benodig, moet 'n **lid van 'n kwesbare huishouding** wees.

'n **Huishouding** bestaan uit die gade, kinders, kleinkinders, ouers en grootouers van 'n slagoffer.

'n **Kwesbare huishouding** is 'n huishouding bestaande uit vier of meer lede waar:

- \* die meerderheid lede ouer as 65 jaar oud is;
- \* die meerderheid lede maatskaplike bystand ontvang;
- \* een lid fisiek of verstandelik gestremd is;
- \* een van die lede onder die ouderdom van 18 jaar is en moet werk; of
- \* slegs een lid werk;

**Onthou om die vereiste dokumente** wat die inligting wat in hierdie vorm verstrekk word, **bevestig, aan te heg**, byvoorbeeld gesertifiseerde kopieë van 'n identiteitsboek en bewys van inkomste, anders gaan u aansoek nie oorweeg word nie.

## A. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT VORM INVUL

1. Titel:				(Mnr, Me, Mev, Dr)
2. Van:				
3. Volle name:				
4. ID-nommer:		5. Geboortedatum:		
6. Geslag:	*Manlik / Vroulik			
7. Kontakbesonderhede:	* Woonadres / Woonadres van ander persoon (indien toepaslik): <i>(Verstrek hieronder die adres waar u woon en waarheen u pos gestuur kan word. Indien u nie 'n adres het nie, verstrek die adres van 'n ander persoon wat gekontak kan word, bv kerk, skool, gemeenskapsleier ens..)</i>			
	* Posadres / Posadres van ander persoon (indien toepaslik):			
Telefoonnommers:	Huis: ( )	Werk: ( )	Sel no:	
8. (a) Vul u hierdie vorm names iemand anders in?				*Ja / Nee
(b) Indien u hierdie vorm namens iemand anders invul, voltooi ook Deel B (B1 & B2) hieronder.				
9. Indien u aansoek om bystand doen, vul die volgende in:				

(a) Is u 'n slagoffer?	<b>*Ja</b>	/ Nee
(b) Indien u nie 'n slagoffer is nie, (i) wat is die naam van die slagoffer? .....		
(ii) is u 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer?	<b>*Ja</b>	/ Nee
(c) Indien u 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is, wat is u verwantskap met die slagoffer: .....		
..... (bv. is u die gade, kind, kleinkind of broer of suster van 'n slagoffer) .		
10. (a) Indien u aansoek om bystand doen, het u enige gestremdheid?:	<b>*Ja</b>	/ Nee
(b) Indien wel, verstrek besonderhede van die gestremdheid: ..... .....		
_____		_____
Handtekening		Datum

<b>B.1 BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT BYSTAND BENODIG</b>			
<i>Vul hierdie deel slegs in indien u namens 'n ander persoon aansoek om bystand doen. Verskaf hier die besonderhede van die persoon wat bystand benodig.</i>			
1. Titel:	(Mnr, Me, Mev)		
2. Van:			
3. Volle name:			
4. ID-nommer:		5. Geboortedatum:	
6. Geslag:	*Manlik / Vroulik		
7. Kontakbesonderhede:	* Woonadres / Woonadres van ander persoon (indien toepaslik): <i>((Verstrek hieronder die adres waar die persoon wat bystand benodig woon en waarheen sy of haar pos gestuur kan word. Indien hy of sy nie 'n adres het nie, voerstrek die adres van 'n ander persoon wat gekontak kan word, bv kerk, skool, gemeenskapsleier ens.))</i>		
	* Posadres / Posadres van ander persoon (indien toepaslik):		
Telefoonnommers:	Huis: ( )	Werk: ( )	Sel no:
8. Is die persoon wat bystand benodig			
(a) 'n Slagoffer?	<b>*Ja</b>	/ Nee	
(b) Indien hy of sy nie 'n slagoffer is nie, (i) wat is die naam van die slagoffer? .....			
(ii) is hy of sy 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer?	<b>*Ja</b>	/ Nee	

(c) Indien hy of sy 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is, wat is sy of haar verwantskap met die slagoffer:

..... (bv: is hy of sy 'n gade, kind, kleinkind of broer of suster van 'n slagoffer)

9. (a) Het die persoon wat bystand benodig enige gestremdheid?: \*Ja / Nee

(b) Indien wel, gee besonderhede van die gestremdheid:

.....  
 .....

Handtekening van die persoon wat die vorm  
 invul namens die persoon wat bystand benodig

Datum

## B.2 BESONDERHEDE VAN FINANSIËLE BYSTAND/HULP/TOEGEWINGS ONTVANG DEUR PERSOON WAT BYSTAND BENODIG

*Vul hierdie deel slegs in indien die persoon wat bystand benodig enige vorm van bystand van die Staat ontvang het, byvoorbeeld, 'n beurs of enige afslag of vrygestel is van die betaling van skoolgelde. Dui die vorm van bystand en die bedrag wat ontvang is hier aan.*

1. Naam van die instansie / persoon wat die hulp/bystand verleen het/gaan verleen:

.....

2. Die jaar waarvoor die hulp/bystand ontvang is / gaan ontvang word: .....

3. Aard en bedrag van die hulp/bystand ontvang/ ontvang te word: .....

.....

4. Voorwaardes verbonde aan die hulp/bystand: .....

.....

**(Heg dokumente aan om bovermelde inligting te ondersteun.)**

## C. VORM VAN BYSTAND WAARVOOR AANSOEK GEDOEN WORD

**Die vorme van bystand sluit betaling van skoolgelde, toelaes vir die aankoop van skooldrag en losies en vervoer toelae in.**

### C.1 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN GRAAD R (Reg 5)

#### I. Bystand ten opsigte van skoolgelde:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **skoolgelde**, voltooi die volgende:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....

2. Besonderhede van Skool:

(a) Naam van Skool: .....

(b) Adres van Skool: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die skool geleë is.)*

3. Totale bedrag van skoolgelde betaalbaar aan die skool: .....

*(Heg bewys van registrasie by skool aan en van die bedrag betaalbaar aan die skool. Dui aan of die bedrag per jaar of termyn betaalbaar is.)*

4. Bankbesonderhede van die skool in wie se rekening die geld betaal moet word :

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van skool te bevestig)*

**II. Bystand ten opsigte van akkommodasie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **akkommodasie**, vul die volgende in:

1. Besonderhede van plek van akkommodasie :

Naam van koshuis / losieshuis: .....

Adres van koshuis / losieshuis: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die koshuis of losieshuis geleë is.)*

2. Bedrag van losies per jaar wat betaal moet word: .....

*(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat die persoon wat bystand benodig, akkommodasie huur.)*

3. (a) Is die skool wat bygewoon word / staan te word deur die persoon wat bystand benodig, die naaste skool?

\* **Ja** / **Nee**

(b) Indien nie –

(i) Wat is die afstand tussen die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool? .....

(ii) Is daar openbare vervoer direk van die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool beskikbaar? \* **Ja** / **Nee**

(iii) Indien die persoon wat bystand benodig nie by die naaste skool geakkommodeer kan word nie, dui aan waarom nie:

Die naaste skool is vol

**of**

Die persoon wat bystand verlang het spesiale behoeftes, naamlik .....

4. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)*

**III. Bystand ten opsigte van die aankoop van skooldrag:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van die aankoop van **skooldrag**, vul die volgende in:

1. Vereis die skool wat bygewoon word / staan te word deur die persoon wat bystand benodig die dra van skooldrag?

\* **Ja** / **Nee**

2. Indien ja, bedrag benodig vir skooldrag per jaar: .....

*(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat van die persoon wat bystand benodig, vereis word om skooldrag te dra.)*

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: ..... Naam van bank: ..... Takkode: ..... Rekeningnommer: .....	<div style="border: 1px solid black; padding: 10px; margin: 10px auto; width: 80%;"> <i>(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)</i> </div>
<b>IV. Bystand ten opsigte van vervoer:</b> Indien bystand benodig word ten opsigte van <b>vervoer</b> , vul die volgende in:	
1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig : .....	
2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....	
3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en skool waar onderrig aangebied word: .....	
4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar : ..... <i>(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)</i>	
5. Bly die persoon wat bystand benodig in 'n skoolkoshuis? <span style="float: right;">* Ja /Nee</span>	
6. (a) Is die skool wat bygewoon word / staan bygewoon te word, die naaste skool? <span style="float: right;">* Ja /Nee</span> (b) Indien nie, waarom nie:	
<input type="checkbox"/> Die naaste skool is vol <b>of</b> <input type="checkbox"/> Die persoon wat bystand benodig het spesiale behoeftes, naamlik .....	
7. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:	
Naam van rekeninghouer: ..... Naam van bank: ..... Takkode: ..... Rekeningnommer: .....	<div style="border: 1px solid black; padding: 10px; margin: 10px auto; width: 80%;"> <i>(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)</i> </div>
Handtekening van applikant of die persoon wat vorm invul namens die persoon wat bystand benodig	Datum

**C.2 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN ALGEMENE ONDERWYS (Reg 6)**
**I. Bystand ten opsigte van skoolgelde:**

 Indien bystand benodig word ten opsigte van **skoolgelde**, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....

2. Besonderhede van Skool:

Naam van Skool: .....

Adres van Skool: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die skool geleë is.)*



3. Totale bedrag van skoolgelde betaalbaar aan die skool: .....  
*(Heg bewys van registrasie by skool aan en van die bedrag betaalbaar aan die skool. Dui aan of die bedrag per jaar of termyn betaalbaar is.)*

4. Bankbesonderhede van die skool in wie se bankrekening die geld betaal moet word :

Naam van Rekeninghouer: .....  
 Naam van bank: .....  
 Takkode: .....  
 Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van skool te bevestig)*

**II. Bystand ten opsigte van akkommodasie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **akkommodasie**, vul die volgende in:

1. Besonderhede van plek van akkommodasie :

Naam van koshuis / losieshuis: .....

Adres van koshuis / losieshuis: .....

*(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die koshuis of losieshuis geleë is.)*

2. Bedrag van losies per jaar wat betaal moet word .....  
*(Heg bewys aan van die bedrag betaalbaar en dat die persoon wat bystand benodig, akkommodasie huur.)*

3. (a) Is die skool wat bygewoon word / staan te word deur die persoon wat bystand benodig, die naaste skool?  
 \* **Ja** / **Nee**

(b) Indien nie—

(i) **Wat** is die afstand tussen die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool? .....

(ii) Is daar openbare vervoer direk van die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool beskikbaar? \* **Ja** / **Nee**

(iii) Indien die persoon wat bystand benodig nie by die naaste skool geakkommodeer kan word nie, dui aan waarom nie:

Die naaste skool is vol

of

Die persoon wat bystand benodig het spesiale behoeftes, naamlik .....

4. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer: .....  
 Naam van bank: .....  
 Takkode : .....  
 Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)*

**III. Bystand ten opsigte van aankoop van skooldrag:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van die aankoop van **skooldrag**, vul die volgende in:

1. Vereis die skool wat bygewoon word / staan te word deur die persoon wat bystand benodig die dra van skooldrag?

\* Ja /Nee

2. Indien ja, bedrag benodig vir skooldrag per jaar: .....  
*(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat van die persoon wat bystand benodig, vereis word om skooldrag te dra.)*

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)*

#### IV. Bystand ten opsigte van vervoer:

Indien bystand benodig word ten opsigte van **vervoer**, vul die volgende in:

1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig: .....

2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....

3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en skool waar onderrig aangebied word:

.....

4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar: .....

*(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)*

5. Bly die persoon wat bystand benodig in 'n skoolkoshuis?

\* Ja /Nee

6. (a) Is die skool bygewoon /staan te word die naaste skool?

\* Ja /Nee

(b) Indien nie, waarom nie:

Die naaste skool is vol

**of**

Die persoon wat bystand verlang, het spesiale behoeftes, naamlik

.....

7. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)*

Handtekening van applikant of die persoon wat vorm  
 invul namens die persoon wat bystand benodig

Datum

**C.3 BYSTAND TEN OPSIGTE VAN VERDERE ONDERWYS (Reg 7)****I. Bystand ten opsigte van skoolgelde:-**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **skoolgelde**, vul die volgende in:

1. Jaar ten opsigte waarvoor bystand benodig word: .....
2. Besonderhede van Skool
  - (a) Naam van Skool: .....
  - (b) Adres van Skool: .....

.....  
(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die skool geleë is.)
3. Totale bedrag van skoolgelde betaalbaar aan die skool: .....  
(Heg bewys van registrasie by skool aan en van die bedrag betaalbaar aan die skool. Dui aan of die bedrag per jaar of temyn betaalbaar is.)
4. Bankbesonderhede van die skool in wie se bankrekening die geld betaal moet word :  
Naam van Rekeninghouer:  
.....  
Naam van bank: .....  
Takkode: .....  
Rekeningnommer: .....

(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van skool te bevestig)

**II. Bystand ten opsigte van akkommodasie:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **akkommodasie**, vul die volgende in:

1. Besonderhede van plek van akkommodasie :  
Naam van koshuis / losieshuis: .....  
Adres van koshuis / losieshuis: .....  
.....  
(Dui die fisiese adres aan, met ander woorde, waar die koshuis of losieshuis geleë is.)
2. Bedrag van losies per jaar wat betaal moet word .....  
(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat die persoon wat bystand benodig, akkommodasie huur.)
3. (a) Is die skool wat bygewoon word/staan te word deur die persoon wat bystand benodig, die naaste skool?  
\* **Ja** / **Nee**
- (b) Indien nie –
  - (i) Wat is die afstand tussen die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool?  
.....
  - (ii) Is daar openbare vervoer direk van die woonplek van die persoon wat bystand benodig en die naaste skool beskikbaar?.....\* **Ja** / **Nee**
  - (iii) Indien die persoon wat bystand benodig nie by die naaste skool geakkommodeer kan word nie, dui aan waarom nie:  
 Die naaste skool is vol  
**of**  
 Die persoon wat bystand benodig, het spesiale behoeftes, naamlik  
 .....
4. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:  
Naam van Rekeninghouer:

.....  
 Naam van bank: .....  
 Takkode: .....  
 Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier  
 aanbring om bank besonderhede van  
 persoon of instansie te bevestig)*

**III. Bystand ten opsigte van aankoop van skooldrag:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van die aankoop van **skooldrag**, vul die volgende in:

1. Vereis die skool wat bygewoon word / staan te word deur die persoon wat bystand benodig die dra van skooldrag?

\* Ja /Nee

2. Indien ja, bedrag benodig vir skooldrag per jaar:.....

*(Heg bewys van die bedrag betaalbaar aan en dat van die persoon wat bystand benodig, vereis word om skooldrag te dra.)*

3. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier  
 aanbring om bank besonderhede van persoon  
 of instansie te bevestig)*

**IV. Bystand ten opsigte van vervoer:**

Indien bystand benodig word ten opsigte van **vervoer** gedoen word, vul die volgende in:

1. Wyse van vervoer gebruik te word deur die persoon wat bystand benodig: .....

2. Besonderhede van instansie / persoon wat vervoer verskaf: .....

3. Afstand tussen woonplek van die persoon wat bystand benodig en die skool waar onderrig aangebied word:

.....

4. Bedrag wat vir vervoer betaal moet word vir die jaar: .....

*(Heg bewys van die bedrag aan en van die feit dat die persoon wat bystand benodig, van hierdie wyse van vervoer gebruik maak.)*

5. Bly die persoon wat bystand benodig in 'n skoolkoshuis? \* Ja /Nee

6. (a) Is die skool bygewoon / bygewoon staan te word die naaste skool? \* Ja /Nee

(b) Indien nie, waarom nie:

Die naaste skool is vol

of

Die persoon wat die bystand benodig het spesiale behoeftes, naamlik

.....

7. Bankbesonderhede van die instansie / persoon in wie se bankrekening die geld betaal moet word:

Naam van Rekeninghouer:

.....

Naam van bank: .....

Takkode: .....

Rekeningnommer: .....

*(Toepaslike bank moet bankstempel hier aanbring om bank besonderhede van persoon of instansie te bevestig)*

\_\_\_\_\_ Datum \_\_\_\_\_

Handtekening van applikant of die persoon wat vorm invul namens die persoon wat bystand nodig

**D. BESONDERHEDE VAN SAMESTELLING VAN HUISHOUDING**

*'n Huishouding bestaan uit 'n gade, kinders, kleinkinders, ouers en grootouers van 'n slagoffer.*

1. Getal lede in huishouding: .....
2. Getal lede in huishouding wat werk: .....
3. Getal lede in huishouding wat ouer as 65 jaar is: .....
4. Getal lede in huishouding wat maatskaplike bystand ingevolge die Wet op Maatskaplike Bystand ontvang: .....
5. Getal lede in huishouding wat liggamlik of verstandelik gestremd is soos in artikel 9 van die Wet op Maatskaplike Bystand bedoel: .....
6. Getal lede van die huishouding wat werk ten einde tot die inkomste van die huishouding by te dra en wat onder die ouderdom van 18 jaar is: .....

*(Heg bewys aan ter ondersteuning van die inligting hierbo verskaf)*

**E. BESONDERHEDE VAN INKOMSTE VAN LEDE VAN HUISHOUDING**

**Neem kennis** dat dit nie nodig is om hierdie deel in te vul indien bystand ingevolge hierdie Regulasies voorheen aan die persoon wat bystand nodig, verleen is nie.

*Indien die spasie op hierdie bladsy nie voldoende is nie, voltooi die besonderhede op 'n aparte bladsy/e en heg die bykomende bladsy by hierdie vorm aan.*

Besonderhede van inkomste van lede van huishouding:

*(Dui aan of die inkomste 'n pensioen, 'n salaris, kommissie of seisoenaal is en indien dit seisoenaal is, verstrek besonderhede daarvan).*

Lid 1:	Volle name en Van: .....
	ID no: .....
	Bruto jaarlikse inkomste: .....
	Aard van inkomste: .....
	Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 2:	Volle name en Van: .....
	ID no: .....
	Bruto jaarlikse .....

	inkomste: Aard van inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 3:	Volle name en Van: ..... ID no: ..... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....
Lid 4:	Volle name en Van: ..... ID no: ..... Bruto jaarlikse inkomste: ..... Aard van inkomste: ..... Verwantskap met slagoffer: .....

**F. SERTIFIKAAT**

Ek, ....., sertifiseer hierby dat die inligting wat ek hierbo verskaf het, korrek en na my beste wete waar is. Ek gee hiermee toestemming dat die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling die korrektheid van enige van my stellings kan nagaan. Ek is bewus dat ek vervolg kan word indien ek valse inligting gee.

\_\_\_\_\_

Handtekening van applikant of persoon wat vorm  
invul namens die persoon wat bystand benodig

\_\_\_\_\_

Datum

**NOTA**

**Die aansoekvorm moet, na voltooiing, aan die toegewyde beampte voorgelê word –**

- (a) elektronies by die volgende adres: **ViJacobs@justice.gov.za**; of
- (b) per faksimilee aan **086 641 5744**; of
- (c) per geregistreerde pos aan die volgende adres: Die Hoof: WVK Eenheid, Die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, Privaatsak X81, Pretoria, 0001.

## VORM 2: SERTIFIKAAT DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE

## [Regulasie 12]

WET OP DIE BEVORDERING VAN NASIONALE EENHEID EN VERSOENING, 1995 (WET 34 VAN 1995)

(Hierdie vorm moet ingevul word deur die toegewyde beampte ('n beampte in die WVK Eenheid) wanneer nagegaan word of die persoon wat bystand benodig 'n slagoffer of 'n familielid of afhanklike van 'n slagoffer is.)

*\* Merk toepaslike blok met 'n X*

A. BESONDERHEDE VAN PERSOON WAT BYSTAND INGEVOLGE REGULASIE 10 BENODIG	
Naam van persoon wat bystand benodig:	
ID nommer/Geboortedatum:	
Datum van ontvangs van aansoek:	

B. BEVESTIGING DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE		
Die persoon vermeld in Deel A is 'n –		
(a) SLAGOFFER:	* Ja / Nee	
	WVK-verwysing nagegaan	* Ja / Nee
	WVK-verwysingsnommer van slagoffer	
	Addisionele dokumente/ inligting ontvang	* Ja / Nee
	Indien Ja, spesifiseer	

Of

(b) FAMILIELID VAN 'N SLAGOFFER:	* Ja / Nee
Sy of haar verwantskap met die slagoffer is soos volg: .....	
.....	

Of

(c) AFHANKLIKE VAN 'N SLAGOFFER:	* Ja / Nee
Die basis van sy of haar afhanklikheid van die slagoffer, is soos volg: .....	
.....	

C. OPMERKINGS DEUR TOEGEWYDE BEAMPTE

D. BESONDERHEDE VAN TOEGEWYDE BEAMPTE	
Naam en Van: ..... ID nommer: .....	
Handtekening van toegewyde beampte	Datum van sertifikaat

**NOTICE – CHANGE OF TELEPHONE NUMBERS: GOVERNMENT PRINTING WORKS**

As the mandated government security printer, providing world class security products and services, Government Printing Works has adopted some of the highly innovative technologies to best serve its customers and stakeholders. In line with this task, Government Printing Works has implemented a new telephony system to ensure most effective communication and accessibility. As a result of this development, our telephone numbers will change with effect from 3 February 2014, starting with the Pretoria offices.

The new numbers are as follows:

- Switchboard : 012 748 6001/6002
- Advertising : 012 748 6205/6206/6207/6208/6209/6210/6211/6212
- Publications Enquiries : 012 748 6052/6053/6058 [GeneralEnquiries@gpw.gov.za](mailto:GeneralEnquiries@gpw.gov.za)
  - Maps : 012 748 6061/6065 [BookShop@gpw.gov.za](mailto:BookShop@gpw.gov.za)
  - Debtors : 012 748 6060/6056/6064 [PublicationsDebtors@gpw.gov.za](mailto:PublicationsDebtors@gpw.gov.za)
  - Subscription : 012 748 6054/6055/6057 [Subscriptions@gpw.gov.za](mailto:Subscriptions@gpw.gov.za)
- SCM : 012 748 6380/6373/6218
- Debtors : 012 748 6236/6242
- Creditors : 012 748 6246/6274

Please consult our website at [www.gpwnline.co.za](http://www.gpwnline.co.za) for more contact details.

The numbers for our provincial offices in Polokwane, East London and Mmabatho will not change at this stage.

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058

Advertensies: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211

Subskripsies: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057